

1 September

Lees – Psalm 116

Betaal jou skuld

“Hoe sal ek die Here vergoed vir al sy weldade aan my?” (12)

Wat ‘n vraag! In vers 12 vra die Psalmskrywer die vraag van sy lewe. Hy wonder hoe hy vir die Here kan dankie sê vir al sy wonderlike versorging. Die rede: toe hy in die moeilikheid was, het die Here hom uitgehelp. So erg was die psalmskrywer se nood dat hy gevoel het asof hy in die doderyk is. Sy lig het uitgegaan. Alles was nag. In die diepste ellende het hy weggesink. Sy doodsvonnis was klaar geteken (vers 2-3). Toe het hy die beste ding van sy hele lewe gedoen deur te begin bid. Nee, dit was nie sommer net ‘n gebedjie nie. Hy het die Naam van die Here opreg aangeroep. Hy het dit uitgeskree: “Here, red my tog” (vers 4).

Toe gebeur die wonderwerk. Die Here het die psalmskrywer se gebed verhoor. Geen wonder nie, want God ontferm Hom graag oor die hulpeloses en die magteloses (vers 5-6). Nou het hy dit aan sy eie lyf beleef hoe die Here hom uit sy diepste nood kom uithaal het. Sy tranes het tot ‘n einde gekom. Sy lewe is gered. Daar het uit die bloute, nee, uit genade, nog ‘n stukkie lewe vir hom oopgegaan (vers 7-11).

In die lig van die Here se ongelooflike goedheid kan die psalmskrywer nie anders nie as om te vra hoe hy nou vir Hom kan dankie sê. Hy sê dat hy sal begin deur offers aan die Here te bring om te getuig hoe goed God is. Nog meer, hy sal in die teenwoordigheid van ander gelowiges vir God oor en oor dankie sê (vers 12-19). Leer asseblief by hom. Prys die Here.

GEBED: Here, ek het nie genoeg woorde om U te loof nie

Skriflesing vir vanaand: Psalm 117

2 September

Lees Psalm 118

Oppas vir Rotse

“Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip geword” (22)

Psalm 118 is een van die psalms wat geweldig baie in die Nuwe Testament aangehaal word. Jesus het Psalm 118: 22-23 direk op Homself toegepas toe Hy die gelykenis van die boere en die wingerd daar in Jerusalem kort voor sy kruisiging vertel het (vgl Markus 12:1-12). Jesus het geweet dat Hy daardie klip is wat deur die bouers verwerp is, maar wat nogtans die hoekklip gevorm het waarop die ganse koninkryk van God staan.

Nou ja, dit alles het begin toe Jesus sy Goddelike bestaan in hemelse glorie vir sowat 30 jaar lank kom inruil het vir aardse lyding, vernedering, verwerping en uiteindelik vir 'n houtkruis daar by Golgota. Christus het self 'n einde gebring aan Adam se dood-rekord deur splinternuwe lewe na ons toe te bring. Sy pynkreet aan die kruis was die groot draaipunt in die ganse wêreldgeskiedenis. Toe Jesus daar aan die vloekhout dit hard uitroep: *“My God, my God, waarom het U my verlaat?”* het die hemelse oordeel op Hom neergereën wat eintlik vir jou en my bedoel was. Sy dood is van daardie oomblik af die enigste poort na die lewe toe! In daardie paar uur aan die kruis het Jesus die dood en sonde vir altyd uit die pad gevat vir elkeen wat in Hom glo. Dis hoekom Hy die hoeksteen is, ook al het die aardse bouers Hom verwerp. Dis hoekom Jesus lewe gee, al het mense Hom doodgemaak. Glo in Hom. Hy is die ware hoeksteen.

GEBED: Here Jesus, dankie dat U my lewe se hoeksteen is

Skriflesing vir vanaand: Psalm 119:1-16

3 September

Lees – Psalm 119:17-56

Bêre die Bybel in jou kop, nie op jou boekrak nie

“In u gebooie wat ek liefhet, sal ek my verlustig” (47)

Ons moet leer om die Woord in ons hart weg te bêre en gereeld daaroor na te dink. Ontdek hierdie geestelike wet vandag in die maraton-lengte Psalm 119. Hier ontdek jy kee rop keer dit help nie net om die Bybel te lees om jou gewete te sus nie. Nee, dit moet kop toe! Dink na oor alles wat jy lees. Dan verander God jou lewe. Doen daaglik 'n baie goeie *kop-oefening* deur jouself te vra wat jy gister in die Bybel gelees het. Raak ook sommer weer van voor af hieroor opgewonde. Sê dit ook met jou gesig, en vir iemand naby aan jou!

Moenie healtyd met 'n “pap kop” opgeskeep sit as dit by God se Woord kom nie. Laai jou kop se geestelike batterye elke nuwe dag met die regte hemelse informasie. Maak jou gedagtes gereeld oorvol met lewende woorde uit die Bybel. Maak die ganse Psalm 119 jou daaglikse stapelvoedsel, jou lewensleuse. Sal dit nie fenomenaal wees as jy elke dag vir die Here diep uit jou hart uit sê: *“Wat U sê is wonderlik; daarom bêre ek dit diep in my hart weg.”* Raak aangegryp deur die Woord van die lewende God, want dis ook 'n lewegewende woord! Leef Psalm 119:97 dag vir dag met jou woorde en dade agterna: *“Ek kan nie vir U sê hoe lief ek vir al u voorskrifte is nie. Ek dink dag en nag daaroor na.”* Dan vloei strome van lewende water teen stormsterkte in jou rigting. Nee, dis nie ek wat so sê nie. Psalm 119 waarborg dit. Gaan beproef dit 'n slag.

GEBED: Here, hoe lief het ek u Woord!

Skriflesing vir vanaand: Psalm 119:57-88

4 September

Lees – Psalm 119:121-152

Suiwer goud

“Ek het u gebooie liefder as goud” (127)

Hierdie woorde van vers 127 is een van die kragtigste belydenisse wat jy ooit in die Psalms sal raakloop. Lees dit weer. Dink daaroor. Dis duur woorde! Dis die woorde van iemand wat egte goud raakgeloop het! Dis die taal van iemand wat 'n geestelike miljoenêr geword het. Die beste nuus van alles is dat hy sy geheim met ons deel. Wil jy dit hoor? Hier's dit:

- a. Wees lief vir God se wet (vers 97). Wys hierdie liefde van jou vir sy woord deurdat dit jou oomblik vir oomblik bybly. Ervaar elke dag oor en oor hoe wonderlik God se woorde is (vers 129). Het jy gehoor? Moenie dat dit ooit 'n plig of 'n roetine word om oor God se Woord na te dink nie. Die geheim vir geestelike goud is 'n diepe liefde en passie vir die Woord! Maak die Bybel se inhoude deel van jou metabolisme. Eet dit, oordink dit, beleef dit. Laat dit die Vitamines wees wat ware lewenskwaliteit aan jou gee.
- b. Smag gedurig na God se lewende woorde; hunker met alles in jou om sy wil te leer ken (vers 131).
- c. Offer op om God se Woord 'n ereplek in jou lewe te gee. Sit ruim tyd opsy om sy wil te leer ken (vers 148). Al moet jy ook in die nag wakker bly om dit te doen, dan is dit suiwer goud werd. Onthou egter, niks wat goud werd is, kom verniet nie, ook nie 'n lewe wat deurdrenk is met God se Woord nie.

GEBED: Here, giet u Woord soos balsem oor my uit

Skriflesing vir vanaand: Psalm 121:89-120

5 September

Lees – Psalm 121

Kyk hoër as die hoë berge as jy egte hulp soek

“Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom?” (1)

In die tyd van die Ou Testament het baie van die volke rondom Israel standbeelde en heilige plekke vir hul gode op die heuwels en berge gebou. Hulle het geglo dat hoe hoër die godheid se standbeeld of offeraltaar is, hoe magtiger is daardie god. Die gode van die vlaktes was dikwels nie as so kragtig beskou soos die berggode nie. Wanneer die skrywer van Psalm 121 skryf as ‘n bedevaartslied wat oorspronklik bedoel is as ‘n lied vir pelgrims onderweg na Jerusalem toe, dan sien hy ook die hoogtes en heuweltoppe raak waar sommige mense soms hul hulp gesoek het. Maar hy kyk glad nie hierteen vas nie. Nee, sy hulp kom van die Here af wat hemel en aarde gemaak het. Die psalmskrywer is nie afhanklik van een of ander berggod nie. Nee, sy God, woon in die hoogste hemel.

Die psalmskrywer weet dat die Here nooit slaap of moeg word nie. Hy is altyd aan diens, 24 uur per dag. Nee, mens hoef glad nie te skree om sy aandag te trek of om Hom wakker te maak nie. God is altyd aan diens. Hy beskerm en bewaar sy mense dag en nag. Daarom laat God nie toe dat die son en maan (wat ook deur sommiges as lewende magte beskou is wat positiewe en negatiewe invloede op mense kon uitoefen) enige skade aan gelowiges kan aanrig nie. God hou sy aardse eiendom in sy hand. Hy ontferm Hom oor sy besittings en pas hulle heeltyd op. Vertrou Hom daarom met jou lewe.

GEBED: Here, saam met u kinders kyk ek op na U

Skriflesing vir vanaand: Psalm 122

6 September

Lees – Psalm 127

Kom rus 'n bietjie

“As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou tevergeefs” (1)

Is daar mooier woorde as dié waarmee Psalm 127 afskop? Hoor weer: As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou tevergeefs.” Ja, sonder die Here se seën is alles verniet; dis 'n gejaag agter wind aan. Slegs met die Here se hemelse wind in jou seile loop alles seepglad.

Ons werk ons morskoud. Soos miere skarrel ons van bakboord na stuurboord. Daar's nooit tyd vir niksdoen of stilsit nie. Nie eens as ons doodmoeg na 'n dag se gejaag in ons gemakstoel neersak nie. Dan is daar altyd nog 'n afspraak wat wag, nog 'n telefoon oproep... Ons moet mos alles self doen- die aarde se pilare regop hou; die land red; die kerk eiehandig in stand hou; vergaderings bywoon; kalwers uit die put haal, en noem maar op. Wel, Psalm 127 bied 'n veel beter uitweg. Dit sê: Vertrou op God om die werk te seën, so nie, is alles in elk geval 'n groot mors van energie. Ja, die Here gee dit wat sy geliefdes nodig het sommer so in hulle slaap vir hulle (vers 2).

Om op die Here te vertrou, beteken dat jy die beheer oor alles in jou lewe afstaan en Hom toelaat om regtig aan die hoof te staan. Dan kry jy nie meer spanningshoofpyne oor dit wat jy nog moet reël en waarvoor jy moet sorgdra nie. Nee, dan bring jy jou kant onder die versorgende hande van God en laat die res oor aan Hom. Nee, jy sit nie ydel rond as jy God vertrou nie, maar jy dra ook nie die wêreld op jou skouers nie. Dit los jy rustig oor aan die Here.

GEBED: Here, bou my lewe vandag tot u eer

Skriflesing vir vanaand: Psalm 128

7 September

Lees – Psalm 130

Wag op God

***“Ek wag op die Here, meer as wat die wagte op die more wag”
(2)***

Weet jy hoe dit voel om te wag? Veral as die ry voor jou nog baie lank is en jy sien hoe die een kosbare minuut na die ander verbytik? Dan is dit swaar om te wag, bitter swaar. Dan wil jy in ongeduld en moedeloosheid wegsink. Helaas is wag ‘n baie belangrike deel van ons geestelike mondering, al hou jy net mooi niks van hierdie woord nie. Die psalmskrywer sê immers dat ons gedurig op God moet wag. Die wag op die Here is nie ‘n sinnelose verkwisting van kosbare tyd nie. Ook nie ‘n getjommel in ‘n lang tou voor ons wat nog wag op een of ander gebedsverhoring nie. Om te wag, is om op God Self te wag. Wag vandag op die Here tot jy weet dat alles in jou lewe om sy eer gaan, nie om joune nie. Wag tot God se grootheid jou baie klein laat wees en jy gestroop is van al jou selfvoldaanheid en beterweterigheid. Wag op die Here tot die onrus binne-in jou hart plek maak vir vrede. Wag tot jy die innerlike versekering kry dat jy op die Here se koers hemelwaarts is, nie op jou eie verdwaalpad nie. Moenie net op dinge wag as jy voor God stil word nie. Dan wag jy verkeerd. Dan gaan jy kort voor lank ongeduldig raak, want dan sien jy God hoogstens as die Een wat op aanvraag in al jou behoeftes moet voorsien. Vergeet daarvan. God is nie in jou diens nie. Hy is die Here van die Leërskaer. Daarom wag jy lewenslank op Hom, elke dag, elke oggend. Oor en oor. Oefen jou hierin. Wag op die Here.

GEBED: Here, ek wag vandag net op U

Skriflesing vir vanaand: Psalm 129

8 September

Lees – Psalm 131

Ek is tevrede!

“Ek het rus en kalmte gevind” (2)

Kan jy dié woorde ook agterna sê? Is dinge in jou lewe kalm en rustig. Het jy opgehou om jou kop moeg te maak oor groot en belangrike dinge, oor dinge wat jy nie kan verklaar nie? Ware lewensvreugde wag regtig vandag op jou voorstoep. Jy was tot nou toe dalk net te blind of te besig om dit raak te sien. Maar nadat jy Psalm 131 gelees het weet jy presies waar om geluk te soek: *Verklaar maar net jou verhouding met God tot 'n fees*. Weet van vandag af Hy behandel almal wat saam met Hom wandel as spesiale gaste. Ook vir jou. Wees dankbaar dat Hy jou op sy skoot tel. God gaan die die lewe se las wat op jou skouers rus van vandag af baie ligter te maak; Hy gan jou help om jou pad gelyk te laat loop.

Baie godsdienstiges lyk asof hulle die hele wêreld se laste op hulle skouers rondra. Dit hoort nie so nie. Die Here se mense moet vreugde ken. Dis immers sy geskenk aan ons almal. Daarom is die fout op die ou end maar net by onself te soek as ons moedeloos of bedruk leef. Dis ons wat nie ons hemelse vreugde en rus toe-eien nie. Dis ons wat verkies om ons eie laste te dra. Dis ons wat kies om van die oggend tot die aand te kla en murmureer.

Hoe kry mens God se soort vreugde? Eenvoudig: Jy aanvaar dit soos wat jy enige ander goeie geskenk met dankbaarheid aanvaar. Dan gebruik jy dit. Dis elke dag tot jou beskikking, kraakvars, nuut!

GEBED: Here, laat my vandag naderkom na U toe

Skriflesing vir vanaand: Psalm 132

9 September

Lees – Psalm 134

Word deel van die nagtelike bidders

“Kom prys die Here... julle wat in die nag in die tempel van die Here staan” (1)

Bid jy in die nag? Nie? Wel, ek moet bely ek ook nie. Ek slaap dan! Maar ek het al in die nag gebid as ek rondrol en die slaap my om elke hoek en draai ontwyk. Dis eintlik 'n wonderlike manier om die ure met vreugde te vul. Psalm 134 vertel ook van nagbidders, maar hulle doen dit nie omdat slaaploosheid hulle oorval het nie. Nee, hierdie nagbidders is mense wat in die tempel daar in Jerusalem diens gedoen het. Dag en nag was dit die taak van hierdie sangers en bidders om die Naam van die Here aan te roep en Hom groot te maak. Sonder ophou is sy lof deur bidders besing.

Wat 'n wonderlike ervaring moes dit nie gewees het om by die tempel aan te kom en te beleef hoe God se eer in gebede besing word nie. Hieruit moet ons vandag iets leer. Ons moet besef dat God nie net daar is om ons ten dienste te wees nie. Nee, Hy is die Here wat dag en nag aanbid moet word. Ons moet Hom dien ter wille van wie Hy is, nie ter wille van ons eie voordeel nie. Dan is ons in groot moeilikheid. Dan misbruik ons godsdiens net tot ons eie nut. Nee, God is die Een oor wie dit gaan. Hy en Hy alleen. Daarom moet ons dalk maar een nag net wy aan lofgebede voor Hom. Dalk moet ons maar 'n paar van ons standargebede omskep in aanbiddingsgeleenthede waar ons niks vra nie, maar net oor en oor lof bring aan die Here. Wie weet, dalk is dit nie so 'n slegte idee om dan en wan 'n nag sonder slaap deur te bring nie.

GEBED: Almagtige Heer, leer my om u lof al hoe meer te besing

Skriflesing vir vanaand: Psalm 135

10 September

Lees – Psalm 137

Nou nie meer so kwaai nie

“By die riviere van Babel, daar het ons gesit” (1)

Onthou jy nog die liedjie van die popgroep Boney M doer in die vorige millennium: “By the rivers of Babylon?” Wel, dis gebasseer op Psalm 137. Hierdie psalm is geskryf in die tyd toe die Israeliete as ballinge in ‘n ver land gesit het. Daar in die jaar 586 voor Christus het die Babiloniërs Jerusalem verwoes en ‘n groot groep mense vanuit Judea as slawe na Babel toe weggevoer. Dit was ‘n geweldige traumatiese tyd, soos wat die profeet Jeremia in Jerusalem beleef het. Aan die ander kant het die profeet Esegïël ‘n deel uitgemaak van die ballinge wat in Babilonië gebly het. As ons hierdie twee groot profetiese boeke lees, dan kry ons ‘n kykie in die hart van die volk se lyding en swaarkry onder vreemde heersers. Psalm 137 vertel ook van die verskriklike lyding wat die Israeliete beleef het. So erg was dit dat die psalmskrywer glad nie daaraan dink om liedere te sing nie. Nee, dis ‘n treurige, hartseer tyd. Hulle is ver van hulle land en hulle geliefde stad Jerusalem af. Daarom dat hy allerlei wraakgedagtes uitspreek oor die Babiloniërs aan die einde van die psalm. Dis hartverskeurende woorde wat ons hier begroet. Dikwels voel ons vandag ook so as ons dalk die slagoffer van een of ander sinnelose misdaad was. Maar as Nuwe Testmentiese gelowiges weet ons dat Jesus ‘n einde aan ons wraak gebring het. Vandag bid ons eerder God se vergifnis oor ons vyande af as bloed en wraak.

GEBED: Heer, verwyder alle haat uit my hart

Skriflesing vir vanaand: Psalm 138

11 September

Lees – Psalm 139

X-straal oë

“Here, U sien dwarsdeur my” (1)

Jy is nie ‘n biologiese toevalligheid, of ‘n slagoffer van die donkere noodlot nie. Psalm 139:13-14 jubel dit opgewonde uit: *“Here, U het my tot in die fynste detail gemaak. In die baarmoeder het U my gevorm. Ek wil U prys omdat U my so volmaak geskep het. U doen wonderlike werk”* (Die Boodskap). God ken jou regtig deur en deur, sommer van lankal af. Hy weet ligjare meer van jou af as wat jy, of iemand naby aan jou, ooit van jouself sal weet. Voor jou geboorte het God bepaal wie jy gaan wees. Ja, toe het Hy al geweet watter rigting jou lewenskoers sou inslaan. *“U ken my totaal... U beheer ook my hele lewe. Nog voordat ek mens geword het, het U my al beplan. U het my lewe toe al in u hand gehou”* (vers 15-16). God ken elke gedagte wat deur jou kop skiet, want Hy is intens by elke aspek van jou lewe betrokke. Hy sien jou hele bestaan en jou ganse menswees met een oogopslag vanuit alle dimensies. Daar’s regtig nie ‘n millimeter van jou bestaan wat jy vir God kan wegsteek nie. Elke woord wat jou lippe loslaat, is aan die Here bekend. Jou gedagtes is oop voor Hom nog voordat jyself daarvan weet. Al jou besluite, drome; vrese, seer en blydschap ken God. Hy kyk elke keer met X-straal oë dwarsdeur jou (Ps 139:2-4). Moenie probeer verstaan hoe dit werk nie, want jy kan nie. Bely maar net dat God se nabyheid en grootheid jou met oorvloedige lof en dank vul (Ps 139:5-6).

GEBED: *Hemelse Vader, U nabyheid oorweldig my*

Skriflesing vir vanaand: Psalm 140

12 September

Lees – Psalm 141

Oppas vir 'n haastige tong

“Sit 'n wag voor my mond, Here” (3)

Hoe maklik kom woorde nie oor ons lippe nie. Soms te maklik. Vra my, ek weet. Ek moet baie optree. Elke Sondag is dit twee keer preek, dan is daar nog 'n klomp Bybelskole, Bybelstudies en seminare in die week. Ek praat eintlik te veel. Soms met slegte gevolge, want ek het baie mense in my lewe aan die slaap gepraat. Jy sien mos hoe knik hulle koppe as jy so van die kansel af na hulle kyk. En dis nie omdat hulle saamstem met alles wat jy sê nie... Een maal by 'n kerk waar ek dienste gehou het, kom sê 'n klein sentjie een aand vir my: “*Oom het my nog elke aand aan die slaap gepreek.*” Eina! 'n Ander keer het 'n ouderling vir my vertel dat, terwyl ek gepreek het, hy skielik hoor hoe die ou langs hom al hoe dieper begin asemhaal. Later begin die slaper snork. Dadelik pomp hy die man neffes hom so ligweg in die sy. Die slaperige oom antwoord toe half deurmekaar: “*Askies, skat, ek draai om!*” Tot vandag toe weet ek nie of daardie ouderling net 'n grap gemaak het nie.

Die punt is dat ons versigtig moet wees met ons baie woorde. Psalm 141 sê ons moet 'n hemelse sekuriteitswag voor ons lippe aanstel. Ons moet ons monde dig toehou as ons dwase woorde, of ligsinnige taal, of lelike opmerkings, of snydende dinge met ons tonge beplan. Dan moet ons die Here smee om sulke taal te vries in ons monde. Slegs Godverheerlikende taal durf daagliks oor ons lippe ontsnap.

GEBED: Here Jesus, hou my tong vas in u hand

Skriflesing vir vanaand: Psalm 142

13 September

Lees – Psalm 143

Luister, asseblief

“Hoor my gebed, Here” (1)

Wat is gebed? Dis om bewustelik in die teenwoordigheid van God te wees; om in gesprek met Hom te wees in die naam van Christus. Oefen jouself op die volgende maniere om te bid, sodat jy agter Dawid aan in Psalm 143 kan begin bid:

- a. *Persoonlike gebede.* Hierdie is gebede met ‘n afspraak. Dis privaat, eenkant, in afsondering- dan is jy alleen met God. Die kenmerke: dis gereeld, daaglik. Nee, dis geen rymies of resitasies nie. Persoonlike gebed vra soms voorbereiding: hou papier en pen byderhand; skryf neer waarom jy bid en hou rekord van gebedsverhorings! Sulke gebede vra stilte - die afskakel van al die geraas rondom jou. Stilte en alleenwees is die instemming op God om sy stem te hoor (Ps 130-131).
- b. *Skietgebede.* Dis gebed sonder ‘n vaste afspraak. Dit gebeur spontaan, in daaglikse krisis-situasies. Hierdie gebede is wat Paulus in gedagte het as hy sê: “bid gedurig” (1 Tess 5:17)
- c. *Gesamentlike gebed:* (Matt 18:19). Geen vaste voorskrifte kom hieroor voor in die Bybel nie. Tog is daar orals aanduidings dat gelowiges gereeld saam gebed het (vgl Hand. 2). Wanneer daar saam gebed word, is beplanning nodig om herhaling uit te skakel, asook die eie opinies van individue. Nou ja, begin bid soos nooit tevore nie.

GEBED: Drie-enige God, hoor asseblief my gebede

Skriflesing vir vanaand: Psalm 144

14 September

Lees – Psalm 146

Lewenslange lof op my lippe

“Ek wil die Here prys so lank ek lewe” (2)

Aanbidding is die bewuswording van wie God is. *Lof* is die dankbaarheid wat jy in reaksie hierop voor Hom uitspreek oor sy goedheid, heiligheid, nabyheid, ingrypes in jou lewe, ensovoorts. Lof en aanbidding geskied lewenslank en aanhoudend. So sê Psalm 146. Onthou die volgende as jy naderkom om God in gebed aan te roep: Die hart van gebed is die grootmaak van God se heilige Naam. Gebed verplaas jou elke keer na die troonsaal van die Almagtige. Sien daarom in jou geloofsoog hoe jy in die teenwoordigheid van God in sy hemelse woning inbeweeg wanneer jy sy heilige Naam aanroep.

Weet dat wanneer jy bid, dan klop jy aan die deur van die allerheilige God se hemelse woning. Kom staan daar met groot eerbied en respek vir God en met die verwagting om Hom te ontmoet.

Wees stil: Leer om telkens rustig aan die Here se voete te kom sit totdat jou lewe oop is voor Hom. Laat toe dat alle ander geraas uit jou lewe verwyder is. Wag rustig op die Here. Stilte in sy teenwoordigheid is ‘n belangrike aspek van gebed.

Inoefening: Lees weer rustig deur Psalm 121-150 gedurende die volgende paar weke. Bid dit dan telkens in jou eie woorde agterna. Verander hierdie Psalms met ander woorde in eerstepersoon-stellings wat jy in jou eie lofgebede beaam. Gebruik hierdie psalms as gebedsbeplanners, as roete-aanwysers na God se hart toe.

GEBED: Here, U moet elke dag en nag geloof en geprys word

Skriflesing vir vanaand: Psalm 145

15 September

Lees – Psalm 150

Speel in die regte orkes

“Laat alles wat asem haal, die Here prys” (6)

Almal wat met God wandel, is groot nuus in die hemel. Hulle is mense na God se hart. Vir hulle wag daar 'n feestelike ontvangs in die hemelse troonsaal. Wie is hierdie mense? Wel, dis hulle wat in die orkes van Psalm 150 speel. Hulle stap lewenslank op die regte pad. So opgewonde is God oor hierdie orkes van Hom dat Hy elkeen wat hierin speel eendag self kom haal. Gelukkig is hierdie mense wat God dag en nag loof nie net hoofnuus in die hemel nie, maar ook hier op die aarde! Baie mense kom agter met hoeveel deernis God sy getroue knegte behandel wat Hom staande toejuig met trompette, liere, tamboeryne en sifers.

Weet jy, God se geloofshelde tree nooit werkloos af nie. Die Allerhoogste stoot hulle nie opsy om nutteloos oud te word nie. Nee, God se helde se waarde neem by die dag toe. Hulle word met verloop van tyd al hoe meer spesiaal, want hulle speel al hoe beter in die aardse lof-orkes tot eer van God. Daarom dat God vir hulle 'n spesiale feesplek voorberei in sy hemelse troonsaal. Daarom dat Jesus hulle kom haal as hulle hemelse woonplek gereed is. Kry dus jou eie lewe in orde; begin sommer vandag om die regte musiekinstrumente tot eer van God tespeel. Stap van nou af baie naby aan Hom. Loof Hom oral waar jy kom. Dan wag die hemel op jou, want daar word tans op hoë Plekke van jou kennis geneem!

GEBED: Ek is deel van die skare wat U loof, o God.

Skriflesing vir vanaand: Psalm 149

16 September

Lees – Jakobus 1:2

Geloof werk

“Julle moet bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom” (2)

Ons sluit van vandag af aan by Jakobus. Die skrywer van hierdie brief is na alle waarskynlikheid een van die broers van die Here Jesus. Ons weet uit die evangelies dat Jesus vier aardse broers gehad het: Jakobus, Judas, Joses en Simeon. Tydens Jesus se aardse optrede het sy broers egter nie in Hom geglo nie. Dit was eers met sy kruisiging en hemelvaart dat hulle tot die oortuiging gekom het dat Jesus regtig die Here is.

Jakobus het spoedig een van die leiersfigure van die kerk in Jerusalem geword saam met Petrus en Johannes. Later, toe die ander apostels met hul eie sendingreise begin het, was hy die enigste oorblywende leier van die Jerusalemkerk. Ons weet uit 'n buite-Bybelse bron dat Jakobus rondom die jaar 62 na Christus 'n marteldood sterf as hy in Jerusalem weier om sy geloof in Jesus as die Here af te sweer.

Jakobus draai nie doekies om as dit by geloof kom nie. Intendeel. Hy skryf reguit, op die man af oor die wese van Christenskap. So reguit is Jakobus dat hy sê dit help net mooi niks dat jy glo maar jou dade bewys dit nie. Dan is jou lewe 'n groot leuen! Geloof is vir Jakobus konkreet, prakties. Dit verander jou in iemand wat impak maak op jou wêreld. Geloof maak dat die armes van jou weet, ook die lydendes en die hulpeloses. Want jou geloof maak juis 'n daaglikse verskil aan sulke mense se lewens.

GEBED: Here Jesus, laat ons geloof egte vrugte dra

Skriflesing vir vanaand: Jak 1:1-8

17 September

Lees – Jakobus 1:6

Bid reg

“Maar ‘n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie” (6)

Baie dink as hulle ‘n krisis beleef, dan moet almal behalwe hulleself bid. Dan moet die kerk, die selgroep en wie nog almal, bid – almal behalwe hulleself! Nou ja, dis reg dat ander vir ons bid as ons swaarkry. Maar die eerste vesting van gebed is altyd onself. Ons moet in ons krisistyd self vir God aanroep. Moenie wag dat ander eerste vir jou bid nie. Praat self met God. Maak jou nood elke slag direk aan Hom bekend en vertrou op Hom vir redding.

Jy kan oor alles met God praat. Geen probleem is vir Hom te klein of te onbelangrik nie. Ons moet al ons behoeftes in gebed na God toe bring. Hy maak elke keer tyd as ons in die Naam van sy Seun in die hemel kom staan. God sit dan alles opsy as ons met Hom praat oor selfs die kleinste detail van ons lewe. Vertrou jy God ook met jou lewe se besonderhede, of hanteer jy sommer al die kleiner dingetjies self? Vir daaglikse brood sorg jy, maar vir jou pensioen en ander groot uitgawes bid jy. Wel, as jy Jakobus reg hoor, dan moet jy leer om die Here selfs met die kleinste dingetjies te vertrou. Dan moet jou geloof die hartklop van elke gebed vorm. Sonder ‘n vaste geloof dat God die hoorder van jou gebede is, is jy soos ‘n golf wat heen en weer op die see geslinger word. Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag. Geloof is om God op sy woord te neem. Om Hom te vertrou dat Hy jou hoor en verhoor om Christus wil.

GEBED: In gebed nader ek in Jesus se Naam gelowig tot U, Heer

Skriflesing vir vanaand: Matteus 6

18 September

Lees – Jakobus 1:12

God is nie die oorsaak van swaarkry nie

“Gelukkig is die mens wat in versoeking standvastig bly” (12)

Snaaks dat mense lyding blitssnel op God se rekening probeer plaas. Hy kry meeste van die tyd die skuld as slegte dinge gebeur. Wanneer misdaad mense tref, of wanneer siekte toeslaan, dan hoor jy dikwels: “Hoekom doen God dit aan mense?” “Hoe kan Hy ooit ‘n God van liefde wees as Hy sulke dinge toelaat?” Mense se vingers wys gou-gou hemel toe wanneer die lewe skielik nie meer lekker is nie. Dan is God sommer die Een wat slegte dinge veroorsaak. Wel, die ware feite, direk uit God se Woord, is dat Hy regtig nie die oorsaak van lyding en swaarkry hier op aarde is nie. Nee, dit moet op die rekening van die Bose gedebiteer word, maar ook op mense se eie rekening. Hoor hoe skryf Jakobus (Die Boodskap) hieroor: *“Een fout moet ons nie maak nie. Ek kan nie sê dat God die Een is wat al die slegte dinge oor my bring net om my te toets nie. Met sulke speletjies hou God Hom nie op nie”* (Jak 1:13). Slegte dinge soos oorlog en boosheid is op die ou end ons eie skuld, definitief nie God s’n nie (Jak 4:1-3).

Wanneer jy dalk nou swaarkry, dan moet jy nie God beskuldig nie. Nee, al die vingers wys dan terug na hierdie sondige wêreld wat sedert die vroegste dae in die gemors is, ook na jou en my! Vandat slegte dinge soos sonde in die wêreld ingestroom het, het lyding ook as onwelkome gas in ons wêreld gearriveer. Nee, moenie God valslik beskuldig nie!

GEBED: Almagtige Heer, bewaar ons van versoeking

Skriflesing vir vanaand: Jak 1:12-18

19 September

Lees – Jakobus 1:26

Egte godsdiens

“Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hul moeilike omstandighede by te staan” (26)

Jakobus sê dat geloof prakties is. Nee, dis nie ‘n klomp vroom tierlantyntjies nie. Geloof het nie te maak met godsdienstige seremonies, die regte kleredrag, wetten en regulasies nie. Alles en behalwe. Vra jy vir Jakobus om vir jou in ‘n neutedop te sê wat is egte godsdiens, dan sal hy jou ongetwyfeld hier na 1:26 verwys. Godsdiens in die oë van die lewende God is om vir ander mense iets te beteken. Nee, nie sommer net vir enigiemand nie. Godsdiens is om ‘n oog te hê vir mense wat te min het om van te leef en wat dag na dag in ‘n oorlewingstryd gewikkel is. In Jakobus se dag was dit veral weduwees en weeskinders wat hulleself in hierdie onbenydenswaardige posisies bevind het. Vrouens was oor die algemeen nie toegelaat om te werk nie. Daarom was hulle in groot moeilikheid as hul mans gesterf het. So ook kinders wanneer hul ouers weggeval het.

Die Here sien mense in nood raak. Hy gee om vir die randfigure van die samelewing, vir die uitgeworpenes, vir eensames en verlatenes. Daarom begeer God dat jy en ek ook ‘n hart moet hê vir diegene wat hoog op die hemel se agenda is. Ons durf nie anderpad kyk as die wêreld rondom ons swaarkry nie. Ons mag nie mense se nood ignoreer nie. Dan help al ons godsdienstigheid ons net mooi niks. Dan is dit alles ‘n groot klug en die grap is op ons. Onthou: ware diens aan die Here is daad, daad van medelye en ontferming!

GEBED: Hemelse Vader, laat my hande oopgaan vir mense wat ly

Skriflesing vir vanaand: Jak 1:1-27

20 September

Lees – Jakobus 2:1

Moenie mense verkeerd beoordeel nie

“My broers, julle wat glo in ons Here, Jesus Christus, moet mense nie volgens hul uiterlike beoordeel nie” (1)

Kleredrag was nog altyd 'n gewilde tema in die kerk. Swart pakke, hoede vir vroue, kisklere vir almal - dit was in my kinderdae die “amptelike” toegangsdrag as jy Sondag die kerk binnegestap het. Nou ja, daar's niks mee verkeerd om mooi aan te trek kerk toe nie, solank jy dit net nie met godsdienstigheid verwar nie. Want daardie kispak of snyerpakkie gaan nie die poorte hemel toe vir jou oopmaak nie. God gaan nie op die laaste dag mense oordeel op grond van die klere wat hulle kerk toe gedra het nie.

“Maar moet ek dan nie my beste klere aantrek as ek na God se huis toe gaan nie?” wonder jy. Wel, die kerk is nie God se huis nie. Hy bly nie in aardse plekke nie. Ons wat in Jesus glo, is die Here se lewende tempel, sy adres hier op aarde. So sê 1 Korintiërs 3:16 en 6:19. Die Here word nie beïndruk as ons op sekere tye met “kerkklere” rondloop nie. Ons leef mos sewe dae per week in sy teenwoordigheid. Jesus trek ook 'n streep deur die godsdienstige verheffing van sekere klere bo ander. Weet jy, toe Hy aarde toe gekom het, was daar g'n enkele kledingstuk in die hemel wat vir Hom gepas het nie. Jesus het hier op aarde vir Homself slaweklere kom uitsoek (Fil 2:5-11). Sy keuse van aardse klere was nie goue krone en blink gewade nie, maar lydingsklere; nederige klere, armoedige drag. Daarom durf ons mekaar nie oor klere veroordeel nie, veral nie as ons Heiland so nederig geklee was nie.

GEBED: Here Jesus, maak my blind vir mense se uiterlike voorkoms

Skriflesing vir vanaand: Matteus 25

21 September

Lees – Jakobus 2:9

Hou op!

“Maar as julle mense na die uiterlike beoordeel, doen julle sonde” (9)

Een Bybelteks wat padlangs met ons praat oor kleredrag, is Jakobus 2:1-9. Jakobus sê hier dat as twee besoekers by die kerk aankom, een met mooi klere en een met arm klere aan, dan mag jy hulle nie op hulle uiterlike voorkoms beoordeel nie. Dan mag jy nie die beste sitplek vir die ryke gee en die staanplek agter in die kerk vir die arme nie. Dis 'n sonde om mense op grond van hul kleredrag te beoordeel. Hier staan dit swart op wit. Tog steur baie mense hulle nie hieraan nie. Ek weet van kerke wat mense al by hulle deure weggewys het omdat daardie mense nie “paslik geklee” was nie. Is Jakobus 2 uit daardie kerke se Bybels verwyder, of wat?

Die regte klere in die Here se oë is nie spesiale snyerspakke en mooi rokke is nie. Wat dan? Wel, Paulus beskryf vir ons hoe Jesus se eksklusiewe klere vir sy kerk, lyk: *“Trek die krag van die Here Jesus Christus as julle nuwe klere aan” (Romeine 13:14)*. In meer detail sê die apostel in **Kolossense 3:10**: *“God het egter vir julle ook 'n stel nuwe klere gegee. Hierdie klere maak julle heeltemal nuut. Dit bring julle al hoe nader aan God.”*

'n Gelowige se klere is die regte daad. Wanneer jy en ek vir ander mense omgee en hulle met die liefde van die Here op die hande dra, dan is ons paslik geklee. Vergeet dus van uiterlike voorkoms. Uiterlike klere bepaal nie ons godsdienstigheid nie.

GEBED: God, klee met my met Christus se liefde

Skriflesing vir vanaand: Jak 2:1-9

22 September

Lees – Jakobus 2:26

God of godsdiens?

“’n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof wat nie tot daad kom nie, ook dood” (26)

Jakobus 2 is dodelik reguit, op die man af. Dit roep die kerk se bluf. Dit sê dat ons almal godsdiens-speletjies speel. Ons is so vroom dat ons omtrent verstik daarin. Ons loop rond met vroom gesigte en bely Sondae ons geloof en praat vriendelike praatjies met mekaar... tog vra Jakobus oor en oor vir ons: “Wat doen julle regtig vir die Here? Waar vat julle geloof grond? Of is julle maar net vroom? Wel, dis nog nie genoeg nie. Sê julle dat julle glo? Op een of ander manier doen die duiwels dit ook. Hulle weet ten minste ook dat daar ‘n lewende God is. Tog verander dit net mooi niks aan hulle boosheid nie. Nee, geloof is veel meer as net ‘n kerklike belydenis...”

As jy en ek vir Jakobus sou vra wie is sy geloofshelde, dan kyk hy dadelik na Abraham en na Ragab. Hoekom Abraham? Want hy het iets gedoen om te wys hy glo. Hy was bereid om sy eie kind te offer ter wille van sy geloof. Ragab het op haar beurt haar lewe gewaag om die verspieders van Israel daar in Jerigo te versteek toe hulle lewens in gevaar was. Sy het nie net vroom praatjies gepraat nie, nee, sy het iets gedoen vir ander.

‘n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. Net so is geloof sonder daad dood. Wonder jy nog hoekom so baie godsdienstige mense se lewens so benoud ruik? Wat van jouself? Sit skouer aan die wiel. Begin om jou geloof daadwerklik te doen.

GEBED: Ek buig voor U, Here. Leer my om u wil te doen

Skriflesing vir vanaand: Jak 2:14-26

23 September

Lees – Jakobus 3:5

Daar's groot krag in klein dingetjies

“So is die tong ook maar ‘n klein liggaamsdeeltjie, en tog het dit groot mag” (5)

Oppas vir jou tong. Dis klein, maar dodelik. Dit breek ander se lewens in stukke. Dis soos die klein roer van ‘n reuse skip, of soos die stang in ‘n groot perd se bek. Hierdie klein orgaan in jou liggaam beheer jou ganse lewe. Sorg daarom dat jy elke dag ‘n nuwe taal op jou tong plaas, want nuwe taal lei ook tot nuwe gedrag! Terloops, dis een van die bevindinge van navorsers wat eksperimente doen met die aanleer van nuwe taal. Hoeveel te meer moet jy en ek dan nie nuwe taal voor die Here en in die teenwoordigheid van ander mense begin gebruik nie. Kom ons laat vaar al daardie goedkoop, gevaarlike taal wat so seermaak. Kom ons kies vir lewende taal, God-verheerlikende woorde! Dink net wat loop ons mis as ons jaar in en jaar uit op presies dieselfde ou maniere met ander mense en met God praat. Perdfris, kraakvars nuwe taal is nodig in ons geloofsmondering as ons ons tonge in die regte rigting wil stuur.

Hou elke dag boek van die taal wat jy gebruik. Let op watter onderwerpe jy oor gesels. Kies doelbewus nuwe woorde wat God verheerlik en ander mense opbou en gebruik dit vryelik. Word ‘n gebruiker van lewende woorde, hooptaal, taal wat nuwe wêreld vir ander oor ons hemelse Vader oopsluit. Praat al die donker wolke rondom jou suiwer goud. Praat hooploosheid vandag propvol gate.

GEBED: Heer verander vandag my woordeskat tot u eer

Skriflesing vir vanaand: Jak 3:1-12

24 September

Lees – Jakobus 3:10

Moenie “tweetaal-praters” wees nie

“Uit dieselfde mond kom lof en vloek. My broers, so moet dit nie wees nie” (10)

Jakobus kan ons nie genoeg waarsku oor die gevaar van ongetemde tonge nie. Vir hom is geloof geweldig konkreet. Dit raak mens se tong baie direk. As jou geloof dus nie jou manier van praat affekteer nie, dan mors jy jou tyd. Dan praat jy non-sens. Dan is jou tong soos ‘n fontein wat twee soorte water lewer - brak water en vars water. Dit kan nie waar wees nie. Ek meen, jy sou net mooi niks daarvan hou as jou kraanwater een dag vars is en weer die volgende dag ‘n modderige massa nie.

Ons durf nie twee soorte taal op ons tonge laai nie. Ons mag nie een oomblik vir God met ons tong loof en die volgende oomblik iemand vloek nie. So sê Jakobus. Dis ondenkbaar. Hoekom? Wel, omdat ons tong die hoorbare venster op ons siel is. Ons tong reflekteer wat in ons harte aangaan. Dit verwoord ons diepste emosies, gevoelens, vrese en vreugdes. Ons tonge is die oorloop-kanaal van ons siel. Daarom mag ons nie twee soorte taal op ons tong hê nie. Dan is ons inkonsekwent, oneerlik en skeinheilig. Dan is ons twee-gesigte of tweetong-praters. Dan sê ons een ding en dink iets anders. Dit durf nie so wees as ons sê dat ons die Here se kinders is nie. Dan mag daar net een soort taal op ons lippe wees. Taal wat God eer en sy naam grootmaak, moet altyd die belangrikste soort woorde in ons woordeskat wees.

GEBED: Here, dra my in u hande

Skriflesing vir vanaand: Jak 3:6-12

25 September

Lees – Jakobus 3:18

Kies vir wysheid

“Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God” (18)

Mense wat die Here se wysheid in hulle lewe het, dink altyd voor hulle praat. Nee, hulle is nie soos dwase wat eers praat en dan dink nie. Of wat twee keer dink en dan in elk geval 'n spul nonsens kwytraak nie. Nee, God se mense gaan sit en dink wat die implikasies van hulle dade vir hulleself en vir ander is. As hulle agterkom hulle gaan hulleself of ander benadeel deur dit wat hulle beplan om te doen, dan doen hulle dit nie. So eenvoudig soos dit. Want wyse mense stel altyd God se eer en ander mense se belange en voordeel eerste. Dis wat Jesus van ons verwag volgens Jakobus. Sy soort mense is diensknegte. Hulle forseer nie hulle wil op ander mense af nie, veral nie as ander dalk mag ly onder hulle optrede nie.

Jakobus sê ons moet wysheid elke dag najaag, die Here se hemelse wysheid. Dis lewensbelangrik. Ja, natuurlik mag ons ambisie hê. Maar dit mag ons nooit opeet nie. Dit moenie 'n verterende obsessie word nie. As ons op God se pad van wysheid stap, dan leer ons juis hoe om dankbaar te wees vir elke stukkie brood op ons tafel en vir elke gratis stukkie sonskyn. Ja, dan weeg ons elke dag die seëninge af wat ons gratis en verniet van die Here ontvang en sê daarvoor dankie. Dan word die lewe lekker. Want dan hang dit nie af van al die goeters wat ons op ons naam het nie, maar van dit wat ons hier binne-in ons het.

GEBED: Heer Jesus, lei my om u wysheid na te streef

Skriflesing vir vanaand: Jak 3:13-18

26 September

Lees – Jakobus 4:3

Bid reg

“As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid” (3)

Die oorsaak vir al die chaos in ons wêreld is onself. So skryf Jakobus. Oorloë, rusies, bakleiery – dit alles is mense se skuld. Nee, God veroorsaak definitief nie oorloë nie. Hy het lankal by Golgota die vredesvlag laat wapper. Mense wat mekaar se grond en besittings wil hê, maak oorlog. Jaloesie is die groot monster binne ons wêreld. Mense besteel mekaar en beskinder mekaar omdat hulle niks vir iemand anders gun nie.

Selfs op godsdienstige gebied gaan dit nie aldag beter as in die wêreld daarbuite nie. Jakobus sê dat ons niks ontvang as ons bid nie, omdat ons verkeerd bid. Ons wil heeltyd net dinge hê. Ons dink God skuld ons ‘n klomp goed. Party mense sê dat mens enigiets van God kan vra – tot selfs die kleur van die motor wat jy wil hê. God sal dit glo alles vir jou gee, vertel hulle. Wel, dis nie heeltemal waar nie. God werk mos nie vir ons nie. Gebed is nie soos ‘n koeldrankmasjien waar jy jou geld ingooi, dan val ‘n blikkie koeldrank outomaties onder uit nie. Gebed is om met die lewende God te praat. Dis om jou wil aan sy hemelse wil ondergeskik te stel. Gebed verander nie jou omstandighede in die eerste plek nie. Nee, dit verander jou. Gebed laat jou eie lewe in pas kom met God se plan. Gebed is om heeltyd klein en nederig voor God te wees. Dis om te wag op God totdat Hy jou genadig is. Dis om in pas met sy planne en sy wil te leef.

GEBED: Here, verhoor my gebede, asseblief!

Skriflesing vir vanaand: Jak 4:1-10

27 September

Lees – Jakobus 4:7

Onder is bo!

“Onderwerp julle dan aan God” (7)

“Laag is hoog.” “Onder is bo.” “Klein is groot.” “Laaste is eerste.” “Agter is voor.” Maak hierdie stellings enige sin vir jou? Wel, as jy op Jesus se hakke loop, dan weet jy dat dit die nuwe hoofopskrifte van die evangelie is. Jesus se evangelie draai die ganse wêreld onderstebo. By Hom geld totaal nuwe waardes. By Hom is daar nuwe helde, nuwe beginsels, splinternuwe lewe. Dit alles begin op jou knieë. Wanneer jy buig voor God, verander letterlik alles tussen hemel en aarde. Dan is onder bo!

Jakobus sê dat wanneer jy buig voor God, dan gee Hy eerstens sy goedheid of genade aan jou. Wanneer jy klein voor God is, sien Hy jou elke slag daar op jou knieë in die stof raak. Dan steek Hy sy hand uit na jou toe en tel jou uit genade op. Daar gebeur egter nog iets as jy buig. Dan word jy geestelik sterk. Dit stel jou in staat om die duiwel teen te staan. Ja, jy is op jou sterkste as jy op jou knieë voor God is. Dan is jy in Jesus se Naam triomfator oor die Bose. Hy sal van jou af padgee. Nog ‘n wonderwerk wat gebeur as jy buig voor God is dat Hy tot jou nader. Nee, God stel nie belang in jou status, afkoms, beroep, gewildheid, of wat nog alles nie. Al wat vir Hom saak maak, is dat jy in Jesus se Naam voor Hom verskyn met ‘n nederige hart en in opregtheid. Dan draai die wêreld voor jou om. Dan laat God jou LEEF!!

GEBED: Christus, ek verskyn in u Naam voor die Vader

Skriflesing vir vanaand: Markus 10

28 September

Lees – Jakobus 4:15

As God wil....

“Julle moet eerder sê: ‘As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen’” (15)

Ons word slegs ‘n paar jaar se leeftyd hier op aarde gegun; ‘n klompie treë om in God se lig te mag loop. Ons moenie willoos van een dag na die volgende voort sukkel nie. Nee, ons het lewe uit God se hande as ‘n geskenk gekry. Hoeveel lewe ons nog oor het, dit weet ons nie. Ons weet nie of ons nog môre of volgende week hier sal wees nie. Daarom dat Jakobus 4:15 ons waarsku om nie so selfversekerd ons eie lewens te beplan asof ons volledig beheer daaroor het nie. Luister net na die vertaling van vers 13-15 uit *Die Boodskap*: “Die lewe is onseker en kortstondig. Dit is soos weerlig wat slaan. Die een oomblik is dit helder, maar die volgende oomblik is dit weg. Ons moet eerder sê: “As ons môre leef, sal ons dit of dat doen. Maar dit hang eintlik alles van die Here af.”

Die Here wil nie hê ons moet so selfvoldaan met ons aardse lewe omgaan asof dit vir altyd en ewig gaan aanhou nie. Want dit sal nie! Weet jy, ons ontvang lewe eintlik maar net ‘n dag op ‘n slag! Elke nuwe dag is ‘n geleende tydjie; dis nog ‘n nuwe gawe uit God se hand. Daarom moet ons onself gereeld daaraan herinner: Ons leef net een dag op ‘n slag uit ons hemelse Vader se hand! Kom ons gebruik dit wys en reg. Kom ons gee aan God die eer vir elke nuwe dag wat ons pad kruis. Kom ons maak die beste gebruik van elke kans wat die Here ons bied.

GEBED: Here, dankie vir vandag

Skriflesing vir vanaand: Jak 4:1-17

29 September

Lees – Jakobus 5:2

God hou sy handewerke in stand

“Julle rykdom sal tot niet gaan” (2)

Sonde is een van die gewildste woorde in enige kerkmens se woordeskat. Meer as alle ander woorde in ons taal-arsenaal vat hierdie een woord alles saam wat sleg is. Sonde is dié neutedop-term vir verkeerde dinge in ons eie lewe en in die lewens van ander. Vir die meeste kerkmense het sonde ‘n klompie konkrete name en gesigte. Diefstal word sonde genoem; afgunstigheid ook. So ook moord, kwaadpraterij, dronkenskap.... En skinder, oneerlikheid, ooreterij... Sonde het baie gestaltes. Dit vat immers grond in ons daaglikse lewe. Daarom dat sonde so maklik met mense, met sonde-doeners, verbind kan word. Miskien is dit die rede hoekom die lys van lelike dinge wat in die kerk met hierdie vyfletter-woord omskryf word so eindeloos lank is.

Jakobus is hier in hoofstuk 5 veral bekommerd oor een lelike gesig van sonde, naamlik rykdom. Nee wag, geld as sodanig is nie sonde nie, maar geldgierigheid, daardie drang om altyd meer en meer in te palm, gaan lynreg teen God se wil in. Geldgierigheid maak dat mense alles wat hulle besit op hulleself spandeer en tot hul eie voordeel aanwend. Hulle kan nooit genoeg besit nie. Alles wat hulle oë sien, dit wil hulle hê! Jakobus sê God het ‘n afkeer in sulke mense, want hulle gee niks om vir enigiemand anders nie. Net hulleself maak in hul eie oë saak. Hulle moet drasties tot bekering kom, anders...

GEBED: Heer, bewaar my van gierigheid

Skriflesing vir vanaand: Spreuke 20

30 September

Lees – Jakobus 5:13

Hoekom?

“As daar iemand onder julle is wat swaarkry, moet hy bid” (13)

Min dinge skud mens so vinnig uit 'n winterslaap wakker as wanneer die Here skielik een van jou roetine gebede verhoor. Ons verwag mos nie eintlik dat sulke dinge met ons gebeur nie, want ons bid baie keer net ter wille van die tradisie. Nou ja, op 'n dag is een so 'n “roetine-gebed” van 'n vriend van my kragtig beantwoord. Hy vertel dat hy elke oggend aan die ontbyttafel 'n vinnige gebed afgerammel het. Toe, op 'n dag, het twee boewe hom van sy kar kom beroof. Eers het die diewe onder mekaar gekibbel of hulle hom moet skiet, of nie. Gelukkig het hulle dit nie gedoen nie en weggejaag met sy motor. Terwyl hierdie man langs die pad staan, tref dit hom soos 'n donderslag dat die Here pas die gebed kragtig verhoor het wat hy vroeër die oggend, en elke ander oggend, afgejaag het! Onnodig om te sê, van daardie dag af maak hy groot erns met elke gebed wat oor sy lippe kom. Nou weet hy: God hoor en verhoor! Hy luister en antwoord!

Moenie gebed geringskat nie. Nooit nie. Bid altyd om te ontvang. Bid sodat God eenvoudig moet kennis neem van jou. Om in Jesus se Naam te bid, is om die eerste regte stap te neem. Dis om gelowig te praat met die lewende Here. Ja, jy kan oor enigiets bid. As jy bekommerd of bang is, praat dan met die Here! As jy twyfel of bang is, bid! Hou aan met bid totdat die hemele bokant jou kop oopgaan.

GEBED: Heer, hoor as ek my nood voor U uitstort

Skriflesing vir vanaand: Jak 5:13-20